

## INHOUDSOPGAWE

Vergewing	1
God versoen	4
Mamma, wys my hoe om te leef asseblief	5
In die begin	8
Hemel en hel—kan dit wees?	10

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## VERGEWING

C Bijl

Die woord ‘vergewing’ het nog altyd ‘n nagloed van sy ou betekenis, naamlik *wegslinger*. Dit kon byvoorbeeld gebruik word vir die wegskiet van ‘n pyl. Die woord *vergewing* dui dus aan dat alle skuld uit ons boekhouding uitgehaal word en heeltemal na iemand anders toe gaan, naamlik Christus. Saaklik beteken *vergewing* dus kwyt skelding of vrypraak met as gevolg: vrede met God.



Hierdie vergewing is die grootste geskenk wat God aan ons kan gee. Daarom bely ons in Artikel 23 van die Nederlandse Geloofsbelydenis “*dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes*”. Hierdie vergewing is as’t ware die moederweldaad, waaruit al die ander weldade voortvloei. Eendag was ‘n swaar gestremde man deur ‘n gat in die dak voor Jesus se voete neergelê. Dit was baie duidelik wat die doel daarvan was. Maar eerste van alles sê Jesus vir hom: “Seun, jou sondes is jou vergewe”. Daardie weldaad was nie net ‘n inleiding tot sy eintlike genesing nie, maar het vir hom volledige geluksaligheid beteken. Sy genesing daarná – hoe belangrik dit ook al was – was in vergelyking

daarmee slegs ‘n toegif, ‘n bonus (Markus 2:1-12).

Ons merk terloops op dat die vraag na vergewing nie vandag meer een van die dringendste vrae van hierdie tyd is nie. Vir sover ‘n mens nog na God vra, gaan dit eintlik maar oor sy aanwesigheid in hierdie wêreld. ‘n God wat ons skulde kwyt skeld en daarvoor sy eie Seun laat sterf het, ken ons nouliks nog. Daarom is dit goed om te bly besef dat hierdie tema, volgens die Bybel, die hoogste prioriteit moet hê en hou.

**God dink nooit meer aan die sondes nie**

Slegs God sêlf kan ons sondes vergewe. Daarvoor laat Hy ons ruil

met sy Seun. Hy het ons skulde op Hom geneem. God neem hierdie oornam van ons sondes deur sy eie Seun baie ernstig op. Dáárom reken Hy ons ons skulde nie meer toe nie. Christus het óns skuld volledig met sý bloed betaal. Ons skulde verdwyn dus nie in 'n lugleegte nie, maar dit beland op Christus. Hy is die sondebok wat ons skuld na die kruis weggedra en daar betaal het. God dink nie meer aan ons skuld nie. En dan is dit belangrik dat ons besef dat dit nie beteken dat Hy die sondes regtig vergéét nie, maar wel dat Hy gedurig dink aan Christus se gehoorsaamheid tot die dood

**Dit wil dus sê dat God selfs die vierentwintiguur-ekonomie van ons allerdiepste, slegste begeertes, gedagtes en emosies ons nie toereken nie.**

toe. Die genoemde Artikel 23 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê oor hierdie gehoorsaamheid so mooi: *“dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan...”*.

Dit kan ons moedeloos maak as ons steeds nuwe skuld maak. Selfs terwyl ons vir vrypraak vra, maak ons weer nuwe skuld. Ons moenie net erken dat ons swaar gesondig hét nie, maar ook *“dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is”* (HK antw 60). Beteken dit dat ons sondige aard altyd die laaste sê het? Hoe radikaal en volledig is ons vergewing eintlik? Die Kategismus herken hierdie moeite. Daarom sê hy spesifiek dat *“God ... aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie”* (HK antw

56). Dit wil dus sê dat God selfs ons vierentwintiguur-ekonomie van ons allerdiepste, slegste begeertes, gedagtes en emosies ons nie toereken nie.

In die Bybel is daar baie dinge ter sprake, maar die kern van alles is dat God van sy kant af die beskadigde verhouding herstel. Dit is sy oogmerk. Dit is wat Hy wíl doen. Hy sê dit vir ons in Sy Woord. *“Ons verstik in die sonde. Maar Ek (God) wil dit jou nie toereken nie. Ek wil dit toemaak, bedek. Ek wil dit nie sien nie. Ek wil nie in 'n regstryd met jou hieroor gaan nie...Ek wil jou reinmaak uit suiwer barmhartigheid. Ek doen dit met vreugde”*, soos Luther dit vertolk.

As ons na die sakramente kyk, spreek hulle helder en duidelik. Hulle wys vir ons die kernboodskap van die hele Bybel. In alle eenvoud en duidelikheid wys die doop en nagmaal ons eenparig op die offer van Christus, as die enigste grond van ons saligheid, te wete *“die vergewing van sondes en die ewige lewe”* (HK vr/antw 66, 67).

### **Hoe sal dit by die laaste oordeel wees?**

Hieroor kan ons kort wees. Volgens Antwoord 56 van die Heidelbergse Kategismus wil God *“aan al my sondes ... nooit meer dink nie”*. En nooit is nooit. Hy wil ook 'n ooit meer dink' aan my sondige aard wat al my lewensjare besoedel het nie.

Die geloof is 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertrouwe dat God *“ook aan my ... vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het”* (HK antw 21).

Maar moet ons nie bang wees vir 'n Regter wat ons diepste motiewe en gedagtes kan blootlê nie? Sonder om te spekuleer oor die (vir ons) verborge manier hoe die regspraak sal verloop, is dít duidelik: die Regter wat óns verwag, is Dieselfde Een wat vir ons aan die kruis gehang

**In geloof kan ek sê dat ek genees word deur my siekte, verryk word deur my armoede, en gesterk word deur my swakheid.**

het, en ook Dieselfde Een in Wie se bloed ons gedoop is en uit Wie se beker ons gedrink het. Op daardie indrukwekkende dag sal Hy nog net so oor ons dink as wat Hy vandag doen.

Ons wys ook op die volgende: deur die verkondiging in die kerkdienste word die hemelryk vir die gelowiges oopgemaak. Dít getuig die evangelieverkondiging wat deur hulle gehoor word. Maar die kenmerkende van dié verkondiging is dat God volgens dié getuienis sal oordeel, sowel in hierdie as in die toekomstige lewe. Dus ook op daardie dag.

'n Volgende punt is: die gedagte aan hierdie oordeel behoort ons aan te spoor tot ernstige selfondersoek, ook van ons diepste motiewe (sien 1 Korinthiërs 4:5). Dit is egter nie 'n ander ondersoek as dié waartoe die viering van die nagmaal ons oproep nie.

Daarom mag ons “*hierdie groot dag met sterk verlange*” verwag (NGB art 37).

### **Asof ek self betaal het**

Die realiteit is dat ons nog steeds ons skulde meer maak en bowendien nog steeds nie ons verkeerde aard afgeskud het nie. Daarom is die enigste manier om my saak met God reg te stel, dat Hy maak *asof* ek self “in eie persoon” betaal het (HK antw 79), “*asof* ek nooit sonde gehad of gedoen het nie” (HK antw 60), *asof* ek self die geregtigheid volbring wat Christus vir my volbring het (nagmaalsformulier).

Die wonderlike van hierdie ‘*asof*’ is, dat God *werklik* maak *asof* ons silwerskoon is. Hy behandel ons regtig só!

Hoe kan ons weet dat Christus se offer ons regtig só toegereken word? Daarvoor is 'n sterk band met Christus self onmisbaar. Ons mag selfs praat van 'n eenwording met Hom, deur die geloof. Om deel te kry aan Christus se weldade

en skatte, moet ons eers deel kry aan Hom persoonlik. Daarom praat Artikel 22 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis tot twee maal toe oor die *omhelsing* van Christus. Om iemand te omhels is meer as om net 'n handdruk te gee. Hier dui dit op ons eenwording met Christus. Ons mag as't ware ons arms om Hom heen slaan, Hom omhels.

**Die Regter wat ons verwag, is Dieselfde Een wat vir ons aan die kruis gehang het.**

Hierdie eenwording is by die nagmaal ter sprake. Christus wil hê dat ons sy vlees sal eet en sy bloed sal drink. Hy wil hê dat ons regtig één met Hom moet word. Sien daarvoor ook die sterk bewoording van antwoord 76. Ons moet al hoe meer met Hom verenig word, ook al is Hy in die hemel en ons op die aarde. Selfs die beeld van die huwelikseenheid van die bruidspaar Adam en Eva word gebruik!

### **Ook vernuwing**

God se genade hou in die eerste plek vergewing in, maar nie net dit nie. Christus gee aan ons nie net sy bloed nie, maar ook sy Gees. Met sy bloed het Hy ons volledige skuld betaal. Deur sy Gees maak Hy ons heeltemal ander mense. *Vergewing en vernuwing maak saam ... genade.* Hierdie twee is onafskeidelik met mekaar verbonde. Dit sluit in dat hulle nie afsonderlik verkrygbaar is nie. Niemand kan die genade van vergewing aanneem, terwyl hy die genade van vernuwing afwys nie. Dit is dus onmoontlik om die genade as 'n vrybrief te misbruik om dan soos gewoonlik op die ou patroon voort te gaan nie. Wie dit wil doen, soos volgens Calvyn, wil Christus eintlik in stukke opskeur en dis onmoontlik. Baie duidelik praat die kategismus in

**Ons gawes bepaal nie ons roeping nie, maar ons roeping bepaal die gebruik van ons gawes.**

- P Niemeijer

Sondag 26 oor hierdie tweevoudige genade. Deur die doop was Christus ons met sy bloed (dit word vergewing genoem), maar net so goed met sy Gees (dit word vernuwing genoem). In antwoord 86 sien ons dit opnuut: Christus het ons nie net met sy bloed gekoop nie, maar ons ook deur sy Heilige Gees *vernuwe* tot Sy beeld.

Gelukkig werk die genade van vergewing vandag reeds perfek. Al ons sondes word kwytsgekeld. Maar van die vernuwing is daar vandag net 'n klein begin merkbaar. Tog is dit 'n baie belowende begin, want die einde daarvan is volmaaktheid!

## GOD VERSOEN

*RH Bremmer*



*En sit die versoendeksel bo-op die ark; maar in die ark moet jy die Getuienis neerlê wat Ek aan jou sal gee.*

(Eksodus 25:21)

Die Here het sy openbarings oor die tabernakel nie vir ons gegee om dit te bewaar soos 'n soort Bybelse Museum van oudhede nie. In 'n museum kan jy kyk na 'n afbeelding of model van die tabernakel, en daarna weer onaangeraak aangaan met jou lewe. God was egter met Israel op pad na Christus, en daarvan getuig hierdie hoofstukke in Eksodus by uitstek. Hierdie hoofstukke is 'n vingerwysing na Jesus

en sy werk. Die Here doen dit op 'n indringende manier. Neem die ark as voorbeeld! Hoe pragtig sou hierdie kis (want dit is wat die woord ark beteken) nie gelyk het nie! Selfs die mates is deur God noukeurig voorgeskryf, tot op die sentimeter: "... twee en 'n halwe el lank, een en 'n half el breed, en een en 'n halwe el hoog" (vs. 10). Dit was net soos al die ander voorwerpe in die tabernakel van akasiahout gemaak. Die hout is lig, en verrot nie. Verder moes die ark met goud oorgetrek word. Goud is die suiwerste en kosbaarste metaal. Dit is die simbool van die heiligheid en hoogheid van God.

Moses moes die twee tafels met die wet - die Getuienis - in die ark neerlê. Ons kan aanneem dat die hele wet, die tien gebooie, op elkeen van die twee tafels neergeskryf was. In die dae van die ou Ooste was dit gebruikelik dat 'n verdrag tussen 'n Groot Koning en sy onderhorige in duplikaat opgestel is. Die versoendeksel is bo op die ark geplaas. Het u al opgelet dat die mates van die versoendeksel presies net so groot is as die mates van die ark: "... twee en 'n halwe el lank en een en 'n halwe el breed" (vs. 17). Die versoendeksel het die ark tot op die millimeter presies afgesluit.

**'n Opregte gebed vereis berou; diegene wat hulle harte vir Hom sluit, vind dat Sy ore vir hulle gesluit is.**

- J Calvin

In die ark het die tafels met die wet gelê. Dié het vir Israel aangekla. Watter Israeliet het nie skuldig gestaan teenoor God se vurige wet nie? Nou kom God en Hy plaas die versoendeksel bo op die wet. Elke jaar, op Jom Kippoer - die Groot Versoendag - word die versoeningsbloed daarop gesprinkel. God se barmhartigheid bedek die oordeel geheel en al. Vandaar die term: versoendeksel.

## God se barmhartigheid bedek die oordeel geheel en al.

Slegs vir hulle, wat hul toevlug neem tot die bloed van Jesus, is daar versoening vir hul sondes. Daarvan spreek hierdie versoendeksel met sy noukeurige gespesifiseerde mates. Jy is beslis nie hier in 'n Bybelse Museum nie!

# MAMMA, WYS MY HOE OM TE LEEF ASSEBLIEF

*B Buchner*

**Nee, daar is nie tikfoute in hierdie titel nie. Dit is nie regtig 'n vraag wat jy van jou kinders verwag as dit gaan oor ons lewenstyl nie. Tog is dit iets wat hulle van ons vra. Want elke kind van God het geloofsvoorbeelde rondom hom nodig. Sulke 'identifikasiepersone' help hulle om as 'n Christen (op) te groei. Daardie voorbeeld-wees begin by ons as ouers. Voorleef is daarom net so belangrik as voorlees. Dis nie verniet dat die bekende Engelse skrywer Adrian Plass 'n boek aan sy moeder opgedra het nie: 'Vir my moeder, haar lewe is die beste moderne gelykenis wat ek ken'.**

Het jy geweet dat die uitdrukking 'soos die ma, so die dogter' ook in die Bybel voorkom? Dit staan in Esegïël 16, al het dit hier 'n negatiewe betekenis. Wanneer ouers se geloofsluwe begin skeefloop, sal die kinders s'n heeltemal verkeerd loop - as die Here nie self op 'n besondere manier ingryp nie. Maar daar is ook 'n positiewe kant. Ouers speel 'n onmisbare rol in die totgeloof-kom van hulle kinders. Daarvoor hoef

hulle regtig nie ideale opvoeders te wees wat al die reëls van geloofsopvoeding ken nie. Wat God in die eerste plek van ouers vra, is 'n eenvoudige gelowige lewe naby aan Hom. Die Bybel gee vir ons 'n pragtige voorbeeld daarvan in 2 Timoteus 1:5: Timoteus se ouma was Loïs en sy ma Euníce. Hulle was gelowige vroue. Paulus sê dat Timoteus se geloof eers in hulle gewoon het. So het Timoteus se geloof gegroei. Dit was dus 'deur voorbeeld'.

### 'n Wonder

Tog gesels ek reëlmatig met ouers wat byna wanhopig op soek is na goeie maniere of metodes vir die geloofsopvoeding van hulle kinders. Hulle doen hulle uiterste bes maar tog lyk dit asof hulle niks regkry nie. Hulle sou so graag die geloof in die harte van hulle kinders wou ingooi, maar dit is ook nie moontlik nie. Ouers praat met hulle, maar dit lyk asof die kinders nie wil luister nie. Dit lyk asof hulle in 'n ander wêreld lewe. Hoekom is dit so?

Ons moet eers duidelik vasstel dat jongmense

**Daar is nie harder werk moontlik as in gebed nie.**

**- K Schilder**

nie tot 'n persoonlike geloof kom omdat hul ouers sulke goeie werk gedoen het nie. En ook nie omdat iemand die regte ouderdom daarvoor bereik het nie. Die Bybel is baie duidelik daarvoor in Matteus 16. Daar vra Jesus vir Petrus: *'Maar julle, wie sê julle is Ek?'* As Petrus dan sy geloof bely, is Jesus se reaksie: *'Salig is jy, want vlees en bloed (=mense) het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.'* Dit is dus elke keer weer 'n wonder van God se Gees, as iemand 'ja' sê vir God! Dit is dus ook nie sommer die ouers se 'skuld' as hulle kinders nie vir die Here kies nie. Tog is dit moontlik dat ons met ons eie bedrywig-wees in die pad kan staan van ons kinders se ware geloofsopvoeding. Want ons ontbreek dikwels self die tyd en rus om naby die Here te lewe. Die geestelike armoede wat so ontstaan, bied niks wat jy aan jou kinders kan uitdeel nie. Hoe kan jy hulle voed met iets wat jy skaars self het? Dit sou goed wees as elke ouer homself 'n slag die volgende vrae sou stel:

1. Geloof is 'n vaste vertroue. Maar het my kinders al ooit iets daarvan ervaar toe daar probleme in ons gesin was?
2. Om te glo is om te stry teen jou eie sondige begeertes. Praat ek ooit met my kinders daarvoor dat ek ook sondes het waarteen ek moet veg? Of probeer ek in hulle oë 'n super-Christen wees, sonder enige verkeerde begeertes?
3. Om te glo is om 'n lewendige band met God te hê. Het my kinders my al ooit sien



bid? Of Bybellees? Nie die Bybellees of gebed by die etenstafel nie, maar sommer net besig wees met 'n gebed of Bybellees? Of juis in moeilike tye of as daar blydskap is?

4. Geloof word sigbaar in vrugte.. Hoe werk dit by my? Is daar blydskap, trou, sagmoedigheid en selfbeheersing by my?

### Geen voorbeeld gee nie – Wees 'n voorbeeld

'n Voorbeeld wees is dus nie dieselfde as om perfek te wees nie. Baie ouers probeer om die goeie voorbeeld te gee. Maar dit gaan nie oor 'n goeie voorbeeld gee nie, maar om 'n voorbeeld te wees. Want daardie mooi rol wat jy speel as jy die goeie voorbeeld gee – jou kinders kyk dwarsdeur jou. Jongmense wil weet wie jy *regtig* is. Dit beteken iets vir hulle. Daarom is dit so belangrik om te kan praat oor 'n ding soos 'stryd'. Dit is so dat

jongmense gereeld deur hulle ouers gewaarsku word (teen uitgaan, teen seksualiteit voor die huwelik, ens.), terwyl hulle nooit regtig sien dat die ouers self 'n stryd met hulle eie sondes voer nie. Ook as ouers mag jy van God se genade lewe. In feite is jy daarom dus nie anders as jou kinders nie. Net soos hulle is jy 'n kind van God. In Psalm 105 se beryming lees ons dat God sy verbond bevestig 'van kind tot kind'. Dit moet jongmense by hulle ouers kan sien.

As dit gaan oor die plek van die gesin in 'n jongmens se lewe, gebruik ek dikwels die woord

**'n Skaarste aan mannekrag in 'n kerk wat Pinksterfees vier, is 'n innerlike teenstrydigheid.**

- C Trimp

'opvoedingsbodem'. Dit gaan oor opvoeding, en ons praat baie daarvoor, maar dit is terselfdertyd 'n voedingsbodem. Dit is iets waarop 'n jongmens kan staan, sonder om daardeur te val. Dááruit kan hy iets haal, iets wat hy nodig het vir sy groei. Nog sterker gesê, jy kan nie regtig groei as daar nie voeding in daardie bodem is nie.

### **Toewyding aan die gemeente**

'Ek wonder wat sou my ouers sê as hulle my nou hier moes sien', het 'n pa eendag tydens 'n tema-aand oor geloofsopvoeding vir my gesê. 'Hulle was toe net so bekommerd oor my as wat ek vandag oor my eie kinders is'. (Hiermee het hy nie bedoel dat dinge vanself goed sal gaan nie). 'Maar', sê hy toe ook, 'in die ou dae was omtrent ons hele dorp Christelik. Dinge lyk vandag darem maar baie anders....' Daarmee het hy die spyker op sy kop geslaan. In ons land vandag is dit vir jongmense baie makliker om heeltemal van die Here af weg te raak. In die alledaagse lewe is daar maar min dinge oor wat nog herinner aan God se bestaan. Intendeel, daar is baie wat daarop gerig is om jou van Hom af weg te trek. Daarom is dit belangrik dat jongmense 'n eie plek in die gemeente het, met mense wat vir hulle omgee en vir wie hulle belangrik is. Van daardie soort mense na wie hulle kan opkyk, maar wat nie bo-oor hulle kyk nie. Dit kan jeugleiers wees, dosente, ampsdraers of selfs mense wat kinderopas benodig.

Om 'n voorbeeld vir jongmense te wees, vra toewyding in die gemeente. Moenie jongmense laat ronddobber in die onsekerhede van hierdie tyd nie! Hulle het die geloofsvoorbeeld van ouers so nodig. Daarom is kontak met jongmense nie

sommer net 'n vryblywende saak nie. Want so kan daar nooit 'n hegte band of regte kontak ontwikkel nie. As jy regtig kontak met tieners opbou, moet jy dáár wees vir hulle, buiten daardie uurtjie van Bybelstudie of 'n ander toevallige ontmoeting. Stel belang in hulle op die kerkplein en doen iets anders saam met hulle. Maar sulke toewyding vra ook deursettingsvermoë. 'n Mens kan hulle nie in die steek laat nie, ook al verloop dinge nie altyd ewe glad nie. Jongmense mag iets van ons verwag, ook al is dit nie spesifiek ons eie kinders nie.

**Jongmense wil weet wie jy *regtig* is. Dit beteken iets vir hulle. Daarom is dit so belangrik om te kan praat oor 'n ding soos 'stryd'.  
dink.**

### **Geloofsgetuies**

In Hebreërs 11 spreek God met ons oor die geloofsgetuies wat 'deur die geloof' dinge kon doen, wat hulle nie uit hulself kon doen nie. As ouers en gemeentelede mag óns ook geloofsgetuies wees vir die kinders in ons gesinne en die jongmense in ons gemeentes. Nie na-maak Christene wat die goeie voorbeeld probeer gee nie, maar kinders van God wat deur Sy genade geloofsvoorbeelde is. Net soos manne soos Noag, Abraham en Moses, of vroue soos Sara en Ragab. 'n Wolk van geloofsgetuies rondom ons jongeres (Hebreërs 12:1). Hulle het ons nodig!

**Waar danksegging erkenning is van God vir wat Hy skenk, is aanbidding  
erkenning van God vir Wie Hy is.**

- JP Versteeg

# IN DIE BEGIN

C van der Leest

*“In die begin het God die hemel en aarde geskape.”* Hierdie woorde klink dalk oorbekend in ons ore. Dit kan jou daarom moontlik koud laat. Wie egter daarteenoor die verrekendheid daarvan oordink, kan in hierdie woorde die mooiste musiek hoor. Want wat hoor ons in hierdie openingsin in die Bybel? Dat God onvergelykbaar is, en dat die wêreld kosbaar is.

Die uniekheid van God blyk al wanneer God in Genesis 1:1 stilsyend aandui: voordat mense of diere of dinge begin het, was God al daar. Origenes, menslik gesproke is dit dalk ‘n gebrekkige formulering, so asof onse God net soos mense, onderwerp is aan verlede of hede. Wat duideliker uitstaan in hierdie sin is: hier is sprake van God se bestaan, onafhanklik van die wêreld en haar geskiedenis. Dit is duiselingwekkend. Ons kan ons nie mense voorstel sonder ander mense rondom hulle nie, sonder ander lewende wesens, sonder voorwerpe nie. God was so sonder alles (om nou weer ‘n menslike tydsbepaling te gebruik). Die bestaan van ons leefwêreld is daaraan te danke dat God dit so wou gehad het, sonder dat sy bestaan daarvan afhanklik is.

Dit verduidelik dadelik waarom die Bybel God se skeppingshandeling heel eerste noem, sonder om eers ‘n beskrywing van God self te gee. Watter beskrywing van God, losstaande van ons wêreld, sou vir ons verstaanbaar wees en tegelykertyd reg doen aan God? As gevolg van ons menslike beperkings, kan ons God slegs ken uit sy woorde en dade.

So dui die eerste sin in die Bybel al met baie



oortuiging aan hoe uitsonderlik God is. Hy ken ‘n bestaanswyse wat ons ons nie kan indink nie, en waarvan ons slegs met stamelende woorde kan praat, soos byvoorbeeld: Hy bestaan op sy Eie, in ‘n (vir menslike besef) eindelose en leë tyd en ruimte, en het genoeg aan Homself deur sy onuitputlike rykdom as Vader, Seun en Heilige Gees.

Die eerste stelling van die Bybel maak die werklikheid rondom ons nog meer duidelik: noudat God alles geskape het, is die werklikheid nie gesigsbedrog nie.

Hierdie stelling lyk of dit oorbodig kan wees. Maar laat ons nie te gou oordeel nie. Elkeen van ons word soms oorval met die gedagte dat ons die wêreld rondom ons as onwerklik ervaar. Byvoorbeeld: Dit wat ek rondom my sien, bestaan dit rêrig, of is dit ‘n droom waaruit ek vroeër of later gaan ontwaak?

Hierdie gewaarwording word soms verhef tot ‘n verklaringsmodel soos byvoorbeeld: “Alles is onwerklik en oë-bedrog, die werklikheid bestaan alleen in ons gees, asook die godheid waaruit

**God se Woord bou nie slegs in die gemeente nie, maar breek ook alles af wat nie Christus is of van Christus is nie.**

- JJ van der Krift



ons gees gekom het.” Hierteenoor gee die eerste vers in die Bybel vir ons 'n houvas op hierdie wêreld. Ons word nie bedrieg deur ons sintuie nie. Ons kan hierdie aanvegting van vervreemding teenoor ons omgewing, weerstaan. Wat ons mag hoor, en wat God aan ons wil sê is dit: ons omgewing is realiteit.

**Want wat hoor ons in hierdie openingsin in die Bybel? Dat God onvergelykbaar is, en dat die wêreld kosbaar is.**

En watter realiteit is dit nie! Daar word baie keer gesê dat Genesis 1 die natuur “verontgoddelik”. Tot 'n sekere mate is dit waar. Daar bestaan geen ruimte vir die idee dat mense, diere, voorwerpe of kragte benader kan word asof hulle geestelike wesens of beliggamings kan wees van goddelike wesens nie. Al die voorgenoemde is slegs produkte van God.

Daarmee word alle dinge egter nie gereduseer tot op-hul-self-staande voorwerpe nie, want tot op sekere hoogte ‘vergoddelik’ die begin van die

Bybel die wêreld tog terdeë: alles word in betrekking gesien tot God. Dit is daarom ook verkeerd om onderskeid te tref tussen 'n gewyde of alledaagse terrein – soos Christene baie keer gedoen het en steeds doen. Terwyl ons erken dat alles sy oorsprong gekry het as gevolg van God se kreatiewe mag, is die wêreld in sy geheel God se wêreld. Terwyl ons dus op hierdie aarde is, hoef ons geen oomblik ontuis te voel nie. Alles wat ons hoor en wat ons sien, in die kerk en op straat, is nie 'n oënskynlike waarheid nie, maar kom uit die hand van God.

Dit is die musiek wat ons moet hoor in die eerste vers van die Bybel. Dit is wel waar dat die mooi klanke soms misvorm word deur die mag van die kwaad en sy versteurings. Satan se opstekery en menslike kwaadwilligheid veroorsaak allerlei verskriklikhede. Wanneer dit ons teen die bors stuit kan ons dalk soos vreemdelinge voel in hierdie wêreld, en kan ons dalk verlang dat dit 'n verbygaande droom moet wees.

Maar ons moenie te vinnig oor die eerste vers van die Bybel lees nie. Deur alles heen bly dit waar: God is absoluut uniek en die wêreld is en bly 'n kosbare realiteit.

**Wie oor “foute” praat in plaas van “sonde”, hy sondig.**

- O Jager

# HEMEL EN HEL—KAN DIT WEES?

Dr. J Hoek

Die vraag in die titel van hierdie artikel leef teenswoordig by baie mense. Hemel en hel – bestaan dit? Gaan dit nie oor uitgediende voorstellings waaraan gelowiges van ons tyd nie meer gebonde hoef te wees nie?

'n Opname in Europa het getoon dat selfs 'n redelike groot groep van meelewende kerklidmate nie glo aan 'n lewe na die dood nie. En van die algemene bevolking in Europa was dit nog baie hoër. Daar is in ons tyd 'n sterk antimetafisiese tendens. Dit wil sê dat baie mense niks wil weet van 'n ander werklikheid as die sigbare en tasbare realiteit nie. Wat nie wetenskaplik bewys is, en wat nie met ons sintuie of instrumente waargeneem kan word nie, word na die ryk van fabels gereleë. So glo mense nie aan die lewe na die dood, engele of duiwels, hemel of hel of in die bestaan van God nie.

## **Die tradisie wankel**

Die kerke het ook nie die ysigheid van hierdie denkklimaat vrygespring nie. Baie lank was die vraag of daar lewe na die dood is, in die Christelike kerke nie eers ter sprake nie. Daar is algemeen met die onomwonde uitsprake van die kerkvaders hieroor ingestem. Tertullianus (ca. 200 n. C.) begin sy boek oor die opstanding van die liggaam met die woorde: *'Die opstanding van die dode is die vertrou van die Christen; deur daardie geloof is ons wat ons is'*. Twee honderd jaar later sê Augustinus dat mens sonder die geloof aan die opstanding van die gestorwenes nie 'n Christen kan wees nie (in sy groot werk *Die Stad van God*, Boek XX.20). Die

*Geloofsbelydenis van Atanasius* uit die vyfde eeu bely aan die slot: *'En die wat goed gedoen het, sal in die ewige lewe ingaan, maar die wat sonde gedoen het, in die ewige vuur. Dit is die algemene geloof; en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie'*. Die kerk deur die eeue het dan ook altyd vasgehou aan 'n tweërlei afloop van die geskiedenis van die mensheid: 'n ewige wel of 'n ewige wee.

In ons tyd verskyn egter boeke waarin Christelike teoloë die vraag bespreek of die dood nie die einde is nie. Die meeste teoloë wat aan die gesprek deelneem, wys wel die gedagte van 'die dood is dood' af, maar is dit nie insiggewend dat die belydenisartikel van die ewige lewe hoegenaamd tussen Christene vir bespreking oopgestel word nie? Teenswoordig word deur baie in die kerke die standpunt gehuldig dat mens ook Christen kan wees sonder geloof in die lewe na die dood. Ek haal aan: *'Oor die geloof aan 'n lewe na hierdie lewe word op allerlei maniere geargumenteer. 'n Groot groep Christene glo dit nie; met die dood hou dit op, sê hulle; mens kan heeltemal goed in God glo sonder om iets na hierdie lewe te verwag. Ander glo in reïnkarnasie. So bestaan daar verskillende beskouings – binne en buite die kerke – oor die vraag: hou dit by die dood op? Mense het baie vrae daarvoor'*.

Kom vraende, soekende en twyfelende geloof in die plek van 'n standvastige belydenis van die dinge wat onder ons volkome sekerheid het?

## **Die hel verloor grond**

Ek het reeds na die opnames in Europa verwys.

**Die gewone lewe het vir ons heerlik geword omdat die heerlikheid van die HERE daarin is en daaruit straal.**

- JH Gunning

Dit is telkens opmerklik dat daar meer mense is wat glo dat daar 'n hemel is as dié wat die bestaan van die hel glo. Die hel behaal 'n lae telling in die opinie-opnames. Minder as 20% van die respondente in die peiling het geglo dat daar 'n hel is, teenoor 36% wat geglo het dat daar 'n hemel is. Op die vraag *'Is daar 'n oordeel in die hiernamaals oor goeie en slegte mense?'*, antwoord 23% ja, maar nie minder nie as 60% antwoord nee. Daar is dus sprake van groot afkerigheid aan die gedagte van 'n oordeel en vergelding na hierdie lewe. Menslikerwys kan 'n mens dit goed begryp, hoewel ons ons kan afvra of mense nie hier besig is om die stem van die gewete te onderdruk nie.

### Die hel word tereg die gevolg van God se verworpe liefde genoem.

Die neiging onder moderne teoloë is om by hierdie neiging in die openbare mening aan te sluit. In verskillende geskrifte uit die laaste jare is die vraag gestel of die kerk nie die voorstelling van die hel moet laat vaar, of dan ten minste ingrypend herinterpreteer nie. Die pleidooi hang nie net saam met die genoemde antimetafisiese tendens nie, maar ook met nuwe ontwikkeling in die denke van hierdie tyd. In 'n sekere sin sou mens van 'n kentering kon praat.

#### **Nuwe belangstelling**

Miskien kan ons tog sê dat ons vandag 'n kentering beleef wat betref die antimetafisiese tendens. Daar gaan steeds meer stemme op wat praat van lewe na die lewe, byvoorbeeld na aanleiding van die sogenaamde byna-dood ('near death') ervarings. Van vele kante hoor ons getuïenisse oor verskynings van liggende gestaltes, engele en ontvangs van boodskappe uit 'n ander dimensie. Die boeke van R. A.

Moodey jr. Het byvoorbeeld baie invloed gewerk. Die man op straat word daarvan oortuig dat daar meer tussen hemel en aarde is as die sintuiglik waarneembare. Die belangstelling vir die okkulte en die mistieke neem toe en die media doen gretig mee. Dit alles beteken egter allermens dat daarmee terugkeer word na die Christelike beskouing van die ewige bestemming van die mens.

#### **Reïnkarnasie**

Dit is opmerklik dat verskeie Christelike teoloë in die laaste tyd die gedagte van reïnkarnasie begin verdedig. Mens dink aan die Remonstrantse teoloog Dr. Joanne Klink. Sy verwys in haar boek *Die onbekende venster (Nederlands: Het onbekende venster)* na allerlei getuïenisse van klein kindertjies wat, volgens haar, teruggaan op herinneringe van 'n vorige bestaan. Die radiopastor van IKON, Ds. Hans Stolp, het ook in 'n onderhoud verklaar dat hy tot die (volgens hom bevrydende) insig gekom het dat elke mens verskeie kere na die aarde terugkom, om so in opeenvolgende lewens op die ewigheid voorberei te word.

#### **Die hel as tydelike fase**

Dr. R. Kranenburg, wat 'n paar boeke oor reïnkarnasie geskryf het, toon aan hoedat die oplewing van die geloof in reïnkarnasie saamhang met, en voortvloei uit, ernstige besware teen tradisionele beskouings binne die Christendom. Kan die kort lewe tussen wieg en graf werklik beslissend wees vir die nimmereindigende ewigheid? Die teenstelling tussen hemel en hel is so absoluut en definitief. Is dit nie onbarmhartig om so 'n beslissende onderskeid te grond op die een, kort lewe wat mens hier op aarde lei nie? Jy kan dit nooit oor doen of regmaak nie. Dit word as onregverdig, selfs sadisties, geag as mense op grond van

**Ons is baie meer besig met ons probleme as met ons sonde.**

- J Borgdorff

hierdie enkele lewe ewig verlore sou wees.

Hoewel Kranenburg self nie in die geloof in reïnkarnasie deel nie, vind hy tog in hierdie kritiek op die Christelike beskouing van die hel rede om na ander opvattinge van, en inhoud aan, die hel te soek. Hy wys op die gedagte van die heilsuniversalisme, waarvolgens dit met alles en almal uiteindelik goed afloop, al moet dit deur 'n louteringstyd, deur 'n soort vagevuur, voorafgegaan word.

Die opvatting van die hel as voorlaaste werklikheid, as die plek van tydelike vrees en gewetensoortuiging, word vraenderwys of stellingingsgewys deur teoloë soos K. Barth, H. Berkhof, en op meer populariserende wyse deur A. J. R. Brussard, J. Bonda en H. G. Fonteyn na vore gebring. Na die verblyf in die hel volg dan nog die saligheid van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

### **Die wêreld as hel**

Ander gaan 'n stap verder. Vir hulle bestaan die hel nie in 'n hiernamaals nie, maar uitsluitlik in hierdie wêreld, waar mense die lewe vir mekaar tot hel kan maak. Wanneer die kerk dan hel en verdoemenis preek, moet dit verstaan word as radikale samelewingskritiek en as 'n konkrete oproep tot bekering hier en nou. Dit gaan dan oor die bekering van die Mafia- of staatsgeorganiseerde misdaad van dobbel- en seksklubs, van die bewapeningsbedryf, gifgas, volksmoord, en godsdienstige hoogmoed wat lei tot verdrukking en diskriminasie. Dit sou veel ernstiger probleme wees as 'n eventuele hel en verdoemenis in die hiernamaals.

### **Teenstemme**

Dergelike tendense in die rigting van alversoening is in die lug en word op teologiese vlak selde weerspreek. Wie dit wel doen, kan daarop reken dat die 'firole van toorn' op hom of

haar omgekeer sal word. Hoe kan jy as Christelike teoloog nog oor die ewige verdoemenis praat of skryf? Dit is tog seker in stryd met God se liefde en regverdigheid? Dr. B. Wentsel is een van die hedendaagse teoloë wat hier 'n teenstem laat hoor. Op die vraag 'sal die geluk van die uitverkorenes nie geskaad word deur die wete dat 'n groot deel van die mensheid hulle in 'n toestand van ewige ellende bevind nie?' antwoord hy eenvoudig: *'Die gelowiges sal heeltemal aan God se kant wees'*. Wentsel skryf tereg: *'Ons moet daarmee rekening hou dat baie (die meerderheid) op die breë pad na die verderf is... Die ware kerk (weiniges) sal altyd in die minderheid wees en onderdruk word ... Bekeer julle van die dwaling van julle versinsels, julle aanhangers van alversoening!'*

**Deur die geloof in sy Naam wyk die dreiging van die hel en wink die uitsig op die hemel**

Andreas Symank wys treffend wat gebeur as die Bybelse hoogspanning weggewerk word in 'n leer van alversoening: *'Wanneer mens die liefde sover rek dat dit onvermydelik almal insluit, hou dit op om liefde te wees; die weegskaal van die liefde skiet omhoog, omdat dit alle gewig verloor'*.

### **Sorgsaamheid vereis**

Dit hoef nouliks gesê te word dat daar net met groot huiwering en terughoudendheid oor die hel gepraat moet word. Ook waar dit gaan oor die hemel is dit goed om te besef dat die Bybel in beeldende taal praat oor 'n werklikheid wat ons begripsvermoë te bowe gaan. Ten aansien van die hel geld dit in 'n nog groter mate. Hierdie terughoudendheid is nie in die loop van die eeue

**Hy is wys wat gee wat hy nie kan bewaar nie, en sodoende vermeerder wat hy nie kan verloor nie.**

- J Elliot

altyd in ag geneem nie. Die Middeleeuse volkspredikers by name, maar nie hulle alleen nie, is berug vir hulle grafiese beskrywing van die helse verskrikkings en kwellinge. Skilders soos Jeroen Bosch het, in afgryse voorstellings van die laaste oordeel en die hel, op die linnedoek uitdrukking gegee van wat onder die kerkvolk geleef het. Hierteenoor staan die somber en sober Bybelse taal oor die ontsettende werklikheid van ewige verlorenheid.

### **Bewoënheid**

Naas sorgsaamheid is ook bewoënheid nodig. Sommige handhaaf stoer die belydenis van die twee paaie, maar daar is by hulle niks te bemerk van 'n heilige lewe nie. Paulus het die vrees van die Here geken en word deels daardeur gedryf tot vurige evangelieverkondiging en gedronge bediening van die versoening (2 Kor. 5:11-21).

Die bekende skrywer C. S. Lewis het die uitspraak gedoen: *'Daar is nie 'n leerstuk wat ek, as ek kon, eerder uit die Christendom sou wou verwyder as dit (dié van die hel) nie'*. Dit is begryplik dat ook 'n gelowige soms dink: 'was daar maar nie 'n hel nie'. Maar Lewis het geweet dat hy die leerstuk van die ewige verlorenheid nie kón verwyder nie. Daarvoor word dit te duidelik in die Skrif geopenbaar. In die evangelies is daar nie minder nie as 75 uitsprake oor die hel en die ewige vuur uit die mond van Jesus self opgeteken. Die Skrif praat met soveel erns oor sonde as brute opstand teen die goeie en regverdige God, dat dit vir die geloof duidelik word en deur die onderrig van die Heilige Gees bevestig word dat ons as sondaars tydelike en ewige strawwe verdien het. Die bloedige erns van die sonde van hardnekkige ongeloof, is dat daardeur 'n ewige verderf oor die sondaar afgeroep word. God se gekrenkte en versmadelike liefde kan ook toorn. Die hel word tereg die gevolg van God se verwerpe liefde

genoem. So kan mens selfs sê dat God Hom ook in die hel as Liefde openbaar, maar dan as gekrenkte liefde, dit is sy toorn. Om nogmaals vir Lewis aan die woord te stel: *'Ten slotte is daar net twee soorte mense: hulle wat vir God sê: "Laat U wil geskied" en hulle tot wie God uiteindelik sê: "laat jou wil geskied"*. Almal wat in die hel is, het dit self gekies.

### **Die roeping van die gelowige**

Dit gaan oor 'n huiweringwekkende werklikheid. Toe ek as jong student onder Prof. Dr. H. Berkhof studeer het, is ek getref deur wat hy oor die leer van die ewige verlorenheid gesê het. As Christene dit werklik glo, het Berkhof gesê, verstaan ek nie waarom hulle nie soos die Jehova getuies van deur tot deur gaan om mense oor die vreeslike toekoms te waarsku nie. Die uitspraak het op my 'n indruk gemaak wat my nooit verlaat het nie. Nie omdat ek die metode van die Jehova getuies bewonder nie, maar omdat hier die vinger tereg gelê is op die onbewoënheid en onaandoenlikheid wat deur vele regsinnige gelowiges getoon word ten aansien van hulle medereisigers na die ewigheid.

Bestaan die hemel en die hel? Glo ons dit nog? As dit so is, sal ons ons saligheid met vrees en bewing uitwerk en, met opregte bewoënheid teenoor ons naaste, getuig van die enigste Naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word (Hand. 4: 12): die Naam van Jesus, wat deur sy bloed red van die ewige verderf en deur sy Gees lei tot die ewige saligheid. Deur die geloof in sy Naam wyk die dreiging van die hel en wink die uitsig op die hemel, ja op die voltooiing van die koninkryk van God: 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waarop geregtigheid woon.

**Al storm dit op aarde, dit is rustig in die hemel.**